



ONDERSTEOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

For animal use only

FOWL TYPHOID

VACCINE FOR FOWLS AND TURKEYS

Reg. No. G 0107 (Act 36/1947) Namibia: NSR 0962

Freeze-dried, attenuated (rough) strain of *Salmonella gallinarum*. For the prophylactic immunisation of fowls and turkeys against fowl typhoid.

Store vaccine in a refrigerator at a temperature of 4 °C to 8 °C. Do not use after the expiry date printed on the bottle.

RECOMMENDATIONS FOR USE

Immunise birds at the age of two months and NOT at an earlier age. Adult birds at risk should also be vaccinated if there is a risk of contracting the natural disease. Vaccinate after the official B.W.D.-typhoid test has been done.

WARNINGS

Do not slaughter poultry for human consumption within 21 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Revaccination within six months might interfere with serological tests. For further information, please consult your local veterinarian. Antibacterial medication, such as nitrofurans or antibiotics, should NOT be administered to the birds eight days preceding vaccination and for at least three weeks thereafter. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either needles or syringes. Use a separate sterile needle for each bottle of vaccine. The active ingredient of the vaccine is in the form of a powder or pellet in a small bottle. By means of a sterile syringe transfer approximately 1 ml of the 100 ml sterile diluent to the bottle containing the freeze-dried vaccine. Mix properly until the powder is dissolved, transfer this suspension back to the remaining sterile diluent and again mix well by means of the sterile syringe. The vaccine is now ready for use and must be injected without delay. Keep the vaccine cool and avoid high temperatures and direct sunlight during inoculation. Shake the bottle well before use.

DOSAGE: 1 ml subcutaneously (under the skin of the breast)

EFFECTS OF THE VACCINE

The vaccine does not cause any reactions in young birds but in adult laying birds a slight, temporary decrease in egg production can be expected. Annual vaccination is recommended. Immunity cannot be guaranteed in all birds.

PACKING

Available in bottles of 100 doses.

Registration holder:

Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

Made in South Africa

Edition 4

Lomar Printers

P1153



ONDERSTEOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

HOENDERTIFUS **ENTSTOF VIR HOENDERS EN KALCOENE**

Reg. Nr. G 0107 (Wet 36/1947) Namibië: NSR 0962

Vriesgedroogde, verswakte (ruwe) stam van *Salmonella gallinarum* vir die voorbehoedende inenting van hoenders en kalkoene teen hoendertifus.

Bewaar die entstof in 'n yskas by 'n temperatuur van 4 °C tot 8 °C. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.

AANBEVELINGS VIR GEBRUIK

Hoenders en kalkoene moet ingespuut word wanneer hulle twee maande oud is, en NIE op 'n jonger ouderdom nie. Ouer pluimvee moet egter ook ingeënt word as daar gevaar bestaan dat hulle die natuurlike siekte kan opdoen. Ent nadat amptelike B.W.D.-tifus toetse gedoen is.

WAARSKUWINGS

Moet nie pluimvee binne 21 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Indien pluimvee binne ses maande weer met die entstof ingeënt word, mag dit die serologiese toetse beïnvloed. Vir verdere inligting kontak u veearts. Vir agt dae voor inenting en vir ten minste drie weke daarna mag hoenders nie met antibakteriese middels soos nitrofurane of antibiotiese middels behandel word nie. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos voorgeskryf.

Steriliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. 'n Steriele naald moet vir elke nuwe botteltjie entstof gebruik word. Die aktiewe bestanddeel van die entstof is in die vorm van 'n poeier of klont in 'n klein botteltjie. Dra 1 ml van die 100 ml steriele verdunningsvloeistof met 'n steriele spuit oor na die botteltjie gedroogde entstof. Meng deeglik totdat die poeier opgelos is, spuit dan die suspensie terug in die oorblywende steriele verdunningsvloeistof en meng weer deeglik met die steriele spuit. Die entstof is nou gereed vir gebruik en moet sonder versuim ingespuut word. Hou die entstof koel en vermy blootstelling aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting. Skud die bottel goed voor gebruik.

DOSIS: 1 ml onderhuids (onder die vel van die bors)

UITWERKING VAN DIE ENTSTOF

In jong hoenders word geen reaksies deur die entstof veroorsaak nie maar 'n tydelike daling in eierproduksie kan verwag word as lêhenne ingeënt word. Jaarlikse inenting word aanbeveel. Immuniteit kan egter nie in alle hoenders gewaarborg word nie.

VERPAKKING

Beskikbaar in bottels van 100 dosisse.

Registrasiehouer:

Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

Vervaardig in Suid-Afrika

Weergawe 4

P1153